



Familiebrief

September 2004

Die Gees se "stroom" vloei deur Rietfontein-Suid



Toe sien ek daar kom water onder die tempel uit...(Esegiël 47)

God het groot dinge vir Rietfontein-Suid in gedagte! Esegiël sien 'n prentjie wat God aan hom wys oor wat Hy gaan doen. Esegiël sien 'n waterstroom wat uit die tempel vloei en al hoe sterker en dieper vloei. Die stroom bring oral waar dit vloei nuwe lewe en heling.

Die uitwerking van die waterstroom is verstommend! Waar dit vloei bring dit lewe, dit verander en vernuwe alles. Vrugtebome langs die stroom. die Dooie see word vol lewe van vis en genees van sy sout en brak toestand. God wil en kan *jou* lewe ook vernuwe, verander en heel! God wil in Rietfontein-Suid heling en lewe bring waar dit nodig is bv lidmate wat net uiterlike godsdiens bedryf; lidmate wat net hoorders en nie daders van die Woord is nie; wat passasiers i.p.v God se grondpersoneel (werkers) in die gemeente is ens.


Die waterstroom wat lewe bring verwys na die Gees van God (Es 37:14; Joh 7:37-39)
God het die Heilige Gees op Pinksterdag kom uitstort, sodat elkeen wat in die lewende Here Jesus glo, die Gees ontvang wat in hul kom woon. Waar die Gees is is Sy strome van lewende water wat uit hul lewe vloei. Die Gees met Sy vernuwende, veranderende, vertroostende en versterkende werking is in ons om ons al hoe meer te maak soos God ons wil hê. In hoe 'n mate laat jy God toe om dit met jou te doen ?

Die waterstroom van die Gees vloei van binne na buite! *God wil deur ons Sy lewendmakende en heelmakende water na ander laat deurvloei. Na almal met wie jou pad elke dag kruis asook na almal wat in hierdie omgewing soekend, stukkend en swak is, wil God aanraak met Sy Gees-stroom. Die Gees se stroom wil nie net ons aanraak met nuwe lewe nie, maar wil veral deur ons na ander vloei. Daarvoor is ons in hierdie wêreld. Dit is ons roeping!*

Mag die Gees ons saam in beweging bring om met Sy liefde uit te reik na ander in nood!

Groete aan elke Gees-genoot
ds Leon van Heerden

Oase vir Ouers



1 Ons is nie per ongeluk ouers nie. God het ons as ouers uitgekies uit die hele wêreld om die ouers te wees van ons kinders! God vertrou ons met die taak en God staan by ons deur dik en dun.

*The parents you have were the ones He chose,
And no matter how you may feel,
They were custom-designed with God's plan in mind,
And they bear the Master's seal. (Kelfer)*

- 2 God het ons die beste Helper gegee as ouers. Deur Sy Gees het Hy in ons kom woon om ons te bekragtig, te help, te leer, te lei en Self deur ons te werk met ons kinders.

*Die Heilige Gees wat deur God aan ons gegee is,
is nie lafhartig nie, maar sterk.
Hy maak ons ook sterk, gee vir ons liefde vir ander
en help ons om nie die verkeerde dinge te doen nie.
(2 Tim 1:7 in Die Boodskap)*

Ons staan nooit alleen in die opvoeding van ons kinders nie!

Sterkte met juf ouerskap.

ds Leon van Heerden

Entrepreneurwerkswinkel:



**Op Sat 23 Oktober 2004 word 'n
entrepreneurwerkswinkel aangebied deur Flip van
Schalkwyk van Mentor SA.**

Die tema:

10 goue reëls om my besigheid vinniger meer suksesvol
te maak.

Tyd:
8:30-12:30

Koste:
R45

Plek:
Kerksaal (h/v 16 de Laan en Ben Swartstr)




**(Let wel: almal wat vir die entrepreneurskompetisie inskryf
kwalifiseer outomaties om die entrepreneurwerkswinkel
gratis by te woon.)**

Vir navrae kontak: Sonja 331-2318 of ds Leon 083 660 1803



*Dankie Here dat ek die nuwe
dag as 'n glimlag kan ervaar
want deur U genade kon ek
mens en natuur met 'n
"more" begroet !!*





ONS JEUG : HOE KAN ONS HULLE BETER BEREIK?

➤ Orals word 'n krisis met tieners beleef

- Binne die gesin, by skole en in kerke/gemeentes.
- *Ons verstaan hulle nie meer nie. Hulle dink en doen anders as vroeër.*
- Groot verskuiwing gekom in hulle denke en optrede (postmodernisme)

➤ 'n Aantal kenmerke van tieners se denke en gevoel

- Beleef generasiegaping (vertrouensbreuk en agterdog)
- Glo nie dinge is so simplisties/wit of swart/reg of verkeerd nie. Daarom groter openheid en verdraagsaamheid teenoor ander standpunte en sieninge. Opstand teen outokratiese, voorskriftelike en dominerende houding van ouergeslag.
- Bevraagteken alles en almal bv. *wie sê dit is wat die Skrif regtig sê ?*
- Geen lojaliteit nie. Aanvaar nie wat die kerk doen net omdat Pa of Ma dit gedoen het nie. Bly nie meer in die kerk/gemeente as nie gelukkig of tuis voel nie.
- Beweeg van *reg weet* tot *reg leef*. Stel nie belang in dogma nie, eerder in dit wat hul help met die konkrete probleme van die lewe (praktyk).
- Beweeg van kennis van absolute waarhede tot ervaring van lewenswaarhede.
- Die groep is vir hulle baie belangrik. Ouers is grootliks afwesig en daarom is portuurgroep grootste invloed in hulle lewe. Sosiale saamwees met ander tieners is deel van hul "wese".

➤ Wat beleef ons tieners van die Kerk?

- *Dit is nie ons kerk nie. Dis nie 'n jongmens gemeente nie!*
- *Ons is nie gelukkig hier nie en gaan eerder waar ons dit meer geniet, want daar:*
 - (1) *Praat hulle ons taal*
 - (2) *Sing hulle ons jeugliedere*
 - (3) *Wys hulle vir ons op die skerm, sodat ons dit beter kan verstaan*
 - (4) *Voel dit ook soos ons (jeug) se kerk.*

➤ Wat kan ons doen om hierdie situasie in ons Gemeente te omvorm?

- Kan bly by die status quo = in die gemors wat ons is
- Kan vroom allerlei beskuldigings teenoor die jeug kwytraak en teensinnig bietjie meer ruimte gee.
- Kan dit as 'n groot uitdaging aanvaar en die geleentheid in die Naam van die Heer aangryp om ons tieners te wen vir die Here en die kerk. Om dit te doen moet ons geestelik volwasse wees en pro-aktief optree deur die volgende te doen:

- ✓ Bid , bid en bid vir ons tieners en hulle ouers asook vir die Jeugbediening.

- ✓ Ons moet maniere vind om geloofwaardig aan ons tieners te kommunikeer dat *hulle* ook vir ons belangrik is en dat Rietfontein-Suid ook *hulle* gemeente is.
 - ✓ Ruimte te maak vir groter verskeidenheid wat ook ons tieners aanspreek. Meer tiener-vriendelik!
 - ✓ Nuwe benadering in ons hele jeugbediening:
 - Jeug- en Gesinsbediening moet nouer saamwerk
 - 'n Bedieningstyl ontwikkel wat rekening hou met die eie-aard van tieners. Kenmerke:
 - groepsgevoel: kleingroepe (dissipelgroepe)
 - sien/visuele: data-projektor
 - musiek en sang: eie voorsanggroep
 - liggaamlikheid: meer aktief betrokke
 - meer in tiener-taal kommunikeer
 - groter fokus op konkrete lewensprobleme
 - jeug moet jeug bedien
- **Om uitvoering aan boegenoemde te gee, het ons Kerkraad die volgende goedgekeur:**
- Dat 'n Jeugwerker aangestel word wat 'n goeie aanvoeling en passie vir tieners het (*George Dickenson, een van ons BKJA-lede, is aangestel*)
 - *Senior Kategese-opset verander:*
 - ✓ kleingroep –omgee vir mekaar –dissipelskap (leer deur modellering)
 - ✓ jong belydende lidmate tree op as groepleiers (wat die Jeug verstaan en hulle taal praat)
 - ✓ inhoudelike deur leraars tydens aanddienste oorgedra (meer informeel, tieners saam met hul leiers in die middel blok, leraars staan onder en soms kan bespreking plaasvind.
 - Twee volledige *jeugdienste* in die aand per maand (uit die 8 eredienste) met eie voorsanggroep en 'n spreker van buite (by een van die twee jeugdienste)
 - *Sondagaande* (vanaf 10 Oktober 2004) nie meer kategese om 17:00 vir graad 7 – 11. **Wel:**
 - ✓ Jeug (graad 7 – 11) kom in kleingroepe byeen om 18:00.
 - ✓ Almal gaan saam na die erediens om 18:30.
 - ✓ Aan einde van die diens bly graad 7 – 11 agter met groepleiers vir gesprek oor diens.
 - ✓ Koffie drink/kuier vir die jeug wat wil.
 - Die toerusting van ouers moet dringend en deurlopend aandag geniet.
 - Dat 2005 “Jeugjaar” sal wees in ons gemeente.

***Solank hulle nog vir die toekoms beplan,
is mense van enige ouderdom jonk.
(Albert Wells)***


As jy die bloeisels in die lente afpluk, moenie te veel vrugte in die somer verwag nie. (Booth)



DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Nuusbrokkies

Baie dankie Winnie



Kom ons val sommer met die deur in die huis. Die goeie nuus is dat Winnie Lourens gaan trou, die slegte nuus is dat sy die Gemeente verlaat. Winnie ons sê vir jou baie dankie vir jou jarelange onbaatsugtige diens aan die Gemeente en veral die begrafnisbediening en die koskas. Ons wens julle twee alles van die mooiste toe. Ook van Winnie se kant wil sy graag dankie sê vir liefde en ondersteuning wat sy gedurende moeilike tye, maar ook in goeie tye ondervind het.

Al die ander vertakkinge van Diens van barmhartigheid staan stewig en gaan voort soos beplan.



DEEL GOD SE LIEFDE EN GENADE MET HINDU`S



Inleiding

Die Hindu word veral gekenmerk deur hulle kleurvolle Saries terwyl die Moslems gewoonlik in swart los klere met bedekte gesigte gesien word. Ook is hulle vriendeliker as die Moslems.

Die Hindu geloof word deur hulle volgelingen beskou as die oudste geloof. Dit moes reeds 3 500 vC. ontstaan het. Die oudste geskryfte dateer so ver terug soos 1 500 vC.

Hinduisme word hoofsaaklik verbind met die land van oorsprong, naamlik India/Sri-Lanka. Die getalle daarbuite is redelik klein. Volgens Patrick Johnston van Operasie Mobilisasie is die Hindu getal 800 miljoen, die derde grootste in die wêreld. Naas Malaysia het Suid Afrika die grootste populasie Hindus, ongeveer 568 000.

Hinduisme is nie 'n sendinggeloof nie, sy groei vind plaas deur geboorte aanwas. Die ortodokse siening is dat jy alleen deur geboorte 'n Hindu kan word.

Hinduisme is van natuur 'n algodedom geloof met soveel as 330 000 miljoen gode. Dit is daarom dat dit moeilik is om Hinduisme te definieer. Die Hindus het nie probleme om Jesus Christus ook as 'n "God" te aanvaar nie.

Ongeveer 4 000 v.C. het die Dravidiane 'n kolonie in die vallei tot stand gebring en die god Shiva aanbid. Die

Aryanite het die Dravidiane later suidwaarts gedryf na die deel wat nou as India bekend is. Die Dravidiane was toegelaat om hul eie gode te aanbid met dien verstande dat hulle ook die priesterlike gesag van Aryan Brahaminisme sal erken.

Hinduisme in Suid Afrika

Die meeste Indiërs het as kontrakwerkers na Suid Afrika gekom om in die suikerindustrie van Kwazulu-Natal te werk. Die eerste Indiër het in 1860 in Suid Afrika gearriveer. Hulle is later deur meer immigrante gevolg.


Die Dravidiane gemeenskap van Suid Afrika bestaan uit 63% van Hindu mense en praat hoofsaaklik Tamil en Telegu, Die Aryan gemeenskap bestaan uit 37% en praat Hindi en Gujerati. Byna al die Indiërs kan Engels praat en die jonger geslag het hul moedertaal afgeleer. Baie kan goed Afrikaans praat.

Deur die proses van verwestering maak die jonger geslag hulle los van die geloof van hulle vaders en spits hulle meer sekulêre gelowe toe.

KERMIS



BAIE DANKIE vir elkeen se tyd, moeite en harde werk met die afgelope kermis. Sonder u reëlings, skenkings en ander hulp kon ons nie 'n suksesvolle dag beleef het nie. Dankie aan u, en **GROOT DANK** aan die Here wat ons 'n pragtige dag gegee het waarop ons ± R33 000 wins kon maak. Alle dank aan Hom vir Sy genade en versorging van Rietfontein-Suid Gemeente.



Volgende jaar: Kermis 3 September 2005

Ons beoog om ons Kermis weer saam met die krieket te **Toutrempark** aan te bied. Ons benodig iemand wat verantwoordelikheid sal neem vir die bemaking daarvan, asook iemand wat die reëlings sal tref aangaande stalletjies wat mense by ons kermis kan hê. Kontak asb. ds. Leon Tait

WAAROM KERK TOE GAAN?

(Vervolg van vorige maand)



4. 'n Vierde verskoning waarom mense nie kerk toe gaan nie en onverskillig staan teenoor die onderlinge byeenkomste van gelowiges, is naamlik dat die kerk net altyd geld vra! Hierdie aanklag is seker gebore uit 'n jammerlike onkunde oor die geld wat aan die kerk gegee word. Hierdie geld is in die eerste instansie 'n *dankoffer* wat ons uit dankbaarheid gee vir al die materiële seëninge wat ons ontvang en beslis nie 'n donasie om ontslae te raak van 'n "lastige" diaken nie. Ons jammerlike onkunde lê daarin dat ons nie weet hoe hierdie geld aangewend word nie. 'n Deel daarvan gaan aan die talle inrigtings vir minderbevoorregtes wat deur die Kerk gefinansier word. Elke gemeente moet 'n groot deel bydra vir die werksaamhede

van die Kerk in breër verband. Daar is tehuise vir bejaardes, vir alkoholiste, vir ongehude moeders, vir hawelose kinders en talle ander wat die kerk moet bestuur en finansier. Dit is wel so dat die Staat van hierdie tehuise subsidieer, maar die Kerk dra die grootste laste. Baie mense sal 'n totaal ander insig hê in hierdie aspek van die kerk se werk as hulle 'n mate van belangstelling toon in hulle eie gemeente se inkomste en uitgawe.

5. Die verskoning word ook aangevoer dat mense nie kerk toe gaan nie, omdat die preke wat hulle hoor kwansuis te ingewikkeld en te lank is. Dit is seker waar dat alle predikante nie die gawe het om preke te lewer wat vir alle kerkgangers boeiend is nie, maar dit is ook net so waar dat 'n lidmaat wat kerk toe gaan om iets van Gods Woord vir sielevoedsel te vind, beslis nie geheel en al teleurgesteld huis toe sal gaan nie. Dit sou egter jammer wees as mense kerk toe gaan net om na 'n preek te luister. Vir diegene sou die ware doel van die gemeenskap van gelowiges verlore gaan. Die erediens besaan nie net uit 'n preek nie, maar ook uit gemeenskaplike gebed, sang, die geloofsbelydenis, die aanhoor van die wet van die Here en die stille gewytheid in die huis van die Here. Die preek vorm maar 'n klein deel van die erediens en diegene vir wie dit net gaan om die persoon van die prediker, gaan armer uit die erediens was wat hulle daar ingekom het.

Die voorafgaande is maar enkele besware teen kerkbesoek. Lidmate wat hul kerkbesoek verwaarloos sal seker nog veel meer argumente aanvoer.

Dié negatiewe benadering tot kerkbesoek sou egter onvolledig wees as daar nie ook gewys word op enkele positiewe aspekte nie:


- (a) Die gelowiges staan nie as individue los van mekaar nie, maar vorm saam die liggaam van Christus (1 Kor 12:12, 17, Ef 1:22, 23). Die gelowiges is lede van een liggaam wat in gemeenskap met mekaar moet leef en God vereer omdat die mens 'n sosiale wese is en die Bybel hierdie feit deurgaans erken. Los van mekaar sou hierdie liggaam gebroke wees en nie normaal en volgens die wil van God funksioneer nie. Die gelowiges vorm saam een huisgesin en een geestelike huis (1 Pet 2:5).
- (b) Die Bybel waarsku ons uitdruklik dat ons hierdie onderlinge byeenkomste van gelowiges nie moet verwaarloos nie (Heb 10:25, Ps 69:10, Ps 84:5 en Joh 2:17). Om kerk toe te gaan, is dus 'n bevel van God in Sy Woord waaroor daar volgens die Bybel geen misverstand kan bestaan nie.
- (c) Ons gaan kerk toe om aan God ons eer en dankbaarheid te bewys. In die vergadering van gelowiges vind ons geestelike opbouing en die versterking van ons geloof plaas. Beoefen ons ons godsdiens as individue, weg van ander gelowiges, ly hierdie dinge skade. Versuim van kerkbesoek dra ook daartoe by dat ons vervreemd raak en dan moeilik weer 'n gereelde kerkganger word.
- (d) Die mooiste voorbeeld en beste argument vir 'n getroue kerkganger is die voorbeeld van die Here Jesus self. In Luk 4:16 lees ons dat Hy op die sabbatdag na die sinagoge gegaan het soos hy *gewoond was*. Jesus het dus self gereeld kerk toe gegaan, al het Hy die sondigheid van sy medekerkgangers geken en die skynheiligheid van die Fariseërs veroordeel.

Die voorafgaande kan seker nie beskou word as 'n volledige bespreking oor kerkbesoek nie en allermins 'n teologiese bespreking oor die aangeleentheid. Die doel daarvan was

om slegs enkele argumente aan te raak wat populêr is onder persone wat hulle kerkbesoek verwaarloos. In die bybel kan daar egter geen argument gevind word wat die verwaarlosing van die plig van elke gelowige gevind word wat die verwaarlosing van die plig van elke gelowige om gereeld kerk toe te gaan, goedkeur nie. (oorgeneem: skrywer onbekend)

Aandag alle entrepreneurs!

Brood vir Nood Entrepreneur-kompetiesie



Enige persoon met innoverende idees wat in 'n suksesvolle onderneming kan ontwikkel, staan 'n kans om met die prysgeld in die Brood vir Nood Entrepreneur-kompetiesie 2004 weg te loop.

Of jy jonk of oud is en besigheid is jou passie; hierdie kan jou hupstoot wees vir die toekoms!!

Kategorie	Kategoriebeskrywing	Prysgeld
A	Nuwe Entrepreneurs	R5000-00
B	Bestaande Entrepreneurs	R5000-00

Moenie die kans deur jou vingers laat glip nie. Kry die erkenning wat jy verdien!

Alle inskrywings moet die beoordelaars voor of op 1 Oktober 2004 bereik. Let wel: Geen laat inskrywings sal vir die beoordeling in aanmerking kom nie.

Inskrywingsvorme by Rietfontein-Suid Kerkantoor beskikbaar!!

TEN BATE VAN BROOD VIR NOOD

ONTHOU! ONTHOU!

Kom geniet hierdie "Rendezvous kuieraand" en koop jou kaartjies betyds



Koeldrank en pannekoek sal vanaf 18h00 asook tydens

8 Oktober 2004 om 19h
R40-00 per persoon
Sluit vinger versnaperinge en pons
 pouse te koop wees.

*Kaartjies is beskikbaar by die Kerkantoor (Johanna).
 Vir navrae kontak Sonja Jacobs by (012) 331 2318.*